e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

25 Junie 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 20

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Sannieshof tree op

Ons het van God 'n skeppingsopdrag ontvang om oor die skepping te heers (Gen 1: 28) en om die aarde te bewoon, te bewaar en te bewerk (Gen 2: 15). Elke gelowige en die mensdom in die algemeen het dus 'n Godgegewe opdrag en verantwoordelikheid teenoor God, ons medemens en die skepping.

Verder glo ons dat God die owerheid ingestel het wat elke land, provinsie en dorp moet regeer tot eer van God en tot die welwese van die mensdom. Die gewone landsburgers moet aan die keiser belasting betaal wat hulle toekom, sodat die basiese dienste gelewer kan word. Almal van ons betaal dus die normale werknemersbelasting, BTW, maatskappybelasting, ensovoorts. Verder betaal elke inwoner grondbelasting of erfbelasting, en ons betaal vir water en ligte en basiese dienste soos riolering en vullisverwydering. Die gelde word aan die plaaslike owerhede betaal sodat die basiese dienste gelewer kan word.

En dit is by hierdie laaste punt dat die groot krisis in Sannieshof en feitlik in 80% van ons land se distriksmunisipaliteite en munisipaliteite begin het. Ons basiese dienslewering het totaal en al in duie gestort. Ons kla nie meer oor diens nie, want daar is nie meer diens nie. Korrupsie, omkopery, bedrog en outokratiese bestuur het daartoe gelei dat die gewone landsburgers se lewens bedreig word.

Ons kan nie langer sê: *Dit is nie my probleem nie*. Onbetrokkenheid en stilswye is net so erg soos verloëning en verraad. Elke persoon word nou direk of indirek geraak. Ons basiese lewensbron, naamlik water, is so besoedel dat dit totaal ongeskik is vir menslike en dierlike gebruik. Die skaars waterbronne staan op die punt om vernietig te word. Dit is die weerlose mense – kindertjies, bejaardes en die armes – wat die ergste daaronder lei. Ons lewens word bedreig, en dit grens aan moord.

'n Bekende sakevrou van die dorp het besluit dat iets gedoen moet word. Die Sannieshof Inwoners- en Belastingbetalersunie (SIBU) is begin onder die beskerming van die Nasionale Belastingsbetalersunie (NBU). Ons tree volgens ons regsmening binne die wet op uit noodweer om self die noodsaaklike dienste te herstel. Die hof moet nog oor die regsgeldigheid van die saak beslis. Die doel van ons optrede is om te voorkom dat ons basiese menslike bestaan te erg ontwrig word en God se skepping verder verwoes word.

Ons het 'n Goddelike opdrag en verantwoordelikheid tot rentmeesterskap. Daarom probeer ons elke landsburger oproep tot positiewe en konstruktiewe betrokkenheid en verantwoordelikheid teenoor mekaar en die skepping. Ons gebruik dus ons eie belastinggeld op 'n wettige wyse om te doen waarvoor dit bedoel is, naamlik om basiese dienste te lewer aan ál die gemeenskappe rondom Sannieshof. Dit verg tyd, energie, opoffering en nog baie van ons eie geld om die agteruitgang om te keer.

Dit is vir ons 'n saak van geloof, gebed en dankbaarheid. Hierdie saak bring gewone mense in beweging. Mense is bereid om positief by te dra en onbaatsugtige diens aan hulle medemens te lewer. Die krisis het mense plaaslik, nasionaal en internasionaal bymekaar gebring. God het deur sy genade ingegryp en gewone mense as instrumente in sy hand gebruik om ons gemeenskappe en die skepping van verdere vernietiging en ondergang te red.

Dinsdag was 'n lang dag in die Hoërhof. Ek wil graag alle gelowiges oproep om te bid, te vas en te rou soos in die tyd van Ester, want net God se ingryping kan ons land en sy mense van totale ondergang red.

Dr Gert Volschenk, Sannieshof

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.



Ds Johan van Greunen

Beroep ontvang

- **Ds Johan van Greunen** van Vaalwater (deelsorg) na die Kurumankombinasie

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Ds Fanie Swanepoel

Ds Gert Macdonald

- **Ds Fanie Swanepoel**, emerituspredikant, is tans in die Eugene Maraishospitaal met ’n bloedklont in sy been. Sy toestand is ernstig en voorbidding word vir hom en sy vrou gevra.

- **Ds Gert Macdonald** van Gemeente Nelspruit se vrou Ilze en hulle kinders is Sondagaand terwyl hy besig was om die erediens waar te neem, in hulle huis deur inbrekers oorval. Die baba en kleinste dogter het geslaap, terwyl Ilze en die oudste dogter vasgebind en die huis beroof is. Ds Gert het hulle so vasgebind op die vloer gekry toe hy tuiskom. Die gesin ly nog erg aan skok.

Ds Pierre Jacobs

- **Ds Pierre Jacobs** het bykans sy hele boekery verloor. Indien daar predikante is wat boeke en veral kommentare nie meer gebruik nie en dit aan ds Jacobs kan skenk, kan hulle met dr Fanie Pretorius by die Sinodale Kerkkantoor in verbinding tree by 012 322 8885 x256.

- **Die volgende predikante verjaar van 25 Junie tot 2 Julie,** en word hartlik geluk gewens:
  - Vrydag 26 Junie: Ds Leslie Kern
  - Sondag 28 Junie: Di Coen de Lange en Elsie Pretorius
  - Dinsdag 30 Junie: Ds Koos van Rensburg
  - Woensdag 1 Julie: Di Willie Botha, Marlize Gasson en Maryke Potgieter
  - Donderdag 2 Julie: Di Wynand de Beer en Martin Jansen van Rensburg

****

Bediening in Afganistan

Dr Wian Kloppers en ds Oppies (ST) Opperman

Ds Oppies (ST) Opperman het onlangs by die Sinodale Kantoor besoek afgelê. Hy is reeds geruime tyd in Afganistan, waar hy onder meer by bediening betrokke is. Hy skryf soos volg:

Die bediening is grootliks ’n e-bediening met eredienste in die vorm van ’n huiskerk. My fokus tans is om die Islam beter te verstaan met betrekking tot die impak wat dit op die Christendom het (tans betrokke in meer as 50 konflikte wêreldwyd), en mag hê in die toekoms; dit is werklik ’n *gogga-maak-vir-baba-bang*-verhaal wat hom ontvou...

Afganistan is ’n Moslemstaat. Dit beteken geen ander godsdiens word toegelaat om onder die landsburgers te werk nie. Die een Afgaan wat ’n paar jaar gelede openlik bely het dat hy tot die Christendom bekeer het, se keel is in die openbaar in die straat afgesny. Verlede jaar (2008) is een van ons Kaboel-lidmate, Gayle Williams, koelbloedig in ’n straat in Kaboel doodgeskiet toe sy werk toe gestap het. Die Taliban, wat verantwoordelikheid daarvoor aanvaar het, het gesê dit is omdat sy die Christengeloof aan die Afgan-mense verkondig het. Sy het dubbele burgerskap van Brittanje en Suid-Afrika gehad, en was werksaam by ’n groep wat mediese hulp hier verleen.

In 2007 is ’n bus vol Koreaanse Christene deur die Taliban ontvoer. ’n Paar van hulle is vermoor voor die res vrygelaat is. Hulle was op pad suide toe om by ’n mediese hulpverleningsprojek te kom werk. Dieselfde rede is daar gegee as in die Williams-geval: Christene word verbied om hier die Lewende Woord aan die Afgan-burgers te verkondig.

Ek was verlede jaar altesaam 7½ weke by die huis. Hierdie jaar het ek darem die vooruitsig om ’n bietjie meer tyd by my gesin deur te bring.

Oppies Opperman
Kandahar, Afganistan

****

- **Mnr Ben Appelgryn,** ouderling van Gemeente Premiermyn en voormalige ouderlinglid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), is ernstig siek met kanker. Voorbidding word vir hom en sy gesin gevra.

- **Gemeente Vaalpark** het ’n **vakature vir ’n orrelis**. Aansoeke moet **voor 26 Julie** gerig word aan die administratiewe beampte, Dorea du Bruyn, by Posbus 61184, Vaalpark 1948, of per e-pos na **vaalpark@nhk.co.za**. Skakel die gemeentekantoor by 016 971 1999 of 083 225 7391 of stuur ’n faks na 086 636 1037.

- **Gemeente Mosselbaai** het begin met die bou van sy kerk in Stilbaai, en is op soek na ’n goeie orrel, kerkbanke, preekstoel en ander meubels wat in ’n kerkgebou tuishoort. Skakel asseblief met dr Fanie Pretorius by die Sinodale Kerkkantoor (012 322 8885 x256) of dr Gert Malan van Gemeente Mosselbaai (044 693 1085 of 083 340 2905).

- Die **MRCC** in Jouberton, Klerksdorp benodig ’n **kerkklok** vir hulle kerkgebou. Kontak ds André Ungerer by 082 940 8201 as u kan help.

- Die diakens van **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** samel donasies en komberse in vir behoeftiges. Skakel Annatjie Sandrock by 072 356 7189 of 015 295 5464 vir meer besonderhede.

- Die jongmense van die **ring van Noordelike Pretoria en Gemeente Wonderboompoort** bied op **Vrydag 26 Junie** om 18:00 die jeugbediening *Magtige Dreuning* aan met die tema *Facing the giants: Never give up, never back down, never lose faith.* Die program sluit in *Roadhouse* met hamburgers, *hot dogs, chips* en melkskommels (bestel asseblief vooruit); *Facing the giants;* en ’n sokkie tot 11:30. Die byeenkoms vind plaas by die kerkgebou op die hoek van Eloffstraat en Mansfieldlaan, Eloffsdal. Kontak die organiseerders by **magtigedreuning@gmail.com**, of by een van die volgende nommers:

Geraas	073 377 7077 (ook vir MXit)
BackChat	083 663 5198
Ds Johann	082 733 3951
Ds Peet	072 372 6933
GrootBek	082 411 0655

  Die Facebook-groep is *Magtige Dreuning*

- **Gemeente Rooihuiskraal** bied ’n **Huweliksverrykingstoer** na die Krugerwildtuin aan van **Saterdag 8 tot Maandag 10 Augustus** (oor die langnaweek). Die tema is *Die vyf tale van die liefde* (na aanleiding van die Wildtuin se Groot Vyf). Die koste is R875 per persoon en sluit 2 nagte in ’n 2-bed rondawel by Pretoriuskop in, asook busvervoer, vier etes en kursusmateriaal. Toergangers moet sorg vir hul eie toegangsgeld, padkos, snoeperye en sakgeld. Bespreek by dr Gerhard Lindeque by 082 374 8703 of **gclindeque@absamail.co.za**.

- **Gemeente Erasmia** reël ’n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Registrasie begin om 06:30, en die koste is R25 per persoon. Alle deelnemers gaan ’n medalje van die Bybelgenootskap ontvang. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting. Hulle benodig ook borge.

- Die ring van Bronkhorstspruit reël ’n **Diakenstoerustingskursus** vir diakens, kerkrade, predikante en enige ander belangstellendes. Dit vind plaas op **Saterdag 1 Augustus** van 08:30 tot ongeveer 16:00 by Gemeente Delmas. Die aanbieder is ds Naas Lombard van Gemeente Suidoos-Witbank, en die koste is R150 per kursusganger vir kursusmateriaal en eetgoed. Laat weet asseblief voor 16 Julie as u die kursus wil bywoon. Kontak Marlene Greeff by **mgreeff@nhk.co.za** of 083 487 1339, 013 656 1621 (werk) of 013 692 7361 (huis).

****

’n Toegeruste diaken is ’n gemotiveerde diaken

Dr Wilhelm Coetzer, sekretaris van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV), skryf soos volg oor die Diakenstoerustingskursus.

Dr Wilhelm Coetzer

Die kursus vir diakens is beskikbaar en word tans op verskeie plekke in die land aangebied. Diakens beleef die kursus as besonder sinvol. Die volgende terugvoer is al daaroor gekry:

- Alhoewel die kursus nie ’n program (resep) vir diakens gee nie, voel hulle oor die algemeen dat hulle daarna oor genoeg inligting beskik om ’n suksesvolle diaken te wees.
- Diakens ervaar dat die bywoning van die kursus hulle positief motiveer om hulle dienswerk in die gemeentes te gaan doen.
- Baie het gesê dat die kursus werklik daartoe bygedra het dat daar ’n wyer verstaan gekom het vir die roeping en inhoud van die amp van diaken.
- Baie diakens het aangedui dat hulle meer insig gekry het oor hoe ’n gestuurde gemeente behoort te wees.

Gemeentes of ringe wat die kursus wil aanbied, kan met enige van die volgende drie aanbieders reëlings tref:

1. Ds Naas Lombard
   E-pos **imlombard@nhk.co.za**
   Tel 013 697 1063

2. Ds Hannes Janse van Rensburg
   E-pos **hannes@nhzuurfontein.org**
   Tel 082 927 3700

3. Ds Gerhard Stoltz
   E-pos **gpj@vodamail.co.za**
   Tel 014 577 1434

****

- **Gemeente Primrose-Oos** en ander gemeentes in Primrose samel geld in om aan die begin van die jaar Bybels vir graad 1-leerders uit te deel. Hulle noem dit die **Saadjieprojek**, want hulle probeer om geloofsaadjies te plant. Op **Saterdag 22 Augustus** om 18:30 vir 19:00 tree Zak van Niekerk op by Laerskool Oosterkruin, Bataviastraat, Gerdview. Kaartjies kos R100 vir volwassenes en R60 vir laerskoolkinders. Kontak Janita Swanepoel by 082 562 9628, Annelie Swanepoel by 082 870 7795 of Antoinette Jacobs by 071 672 6794. Die bankbesonderhede vir donasies is die volgende:

NHK Primrose-Oos
ABSA
Tak 334-542
Rekeningnommer 250 590 482
Bewysstrokies kan gefaks word na 011 806 1839

- **Gemeente Springs-Oos** vier vanjaar sy **50ste bestaansjaar**. Verskeie feesmemorabilia word deur die jaar verkoop. Kontak Katrien Prinsloo by 011 815 1376 daaroor. Die feeskomitee is ook besig met die samestelling van ’n gedenkalbum wat tydens die fees beskikbaar sal wees. Kontak die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962 of bestel per e-pos by **rethalaubscher@telkomsa.net**.

- Alle predikante is lede van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging**. Die bestuur van 2009 wil vanjaar ’n besondere fondsinsameling loods en terselfdertyd ’n reünie hou om al die Van der Hoffers bymekaar te bring. ’n **Gholfkompetisie** word beplan vir **Dinsdag 22 September**, en die dag sal afgesluit word met die tradisionele Van der Hoff-dinee. Belangstellendes word genooi om ’n borgskap aan te bied. Kontak asseblief een van die volgende persone as u kan help:
  - Marius Kramer (Praeses) 082 346 7258
  - Elritia le Roux (Assessor) 083 503 4262
  - Tiaan Loedolff (Fiscus) 073 529 1538
  - Lise-Marie Swanepoel (Abactus) 083 943 4561

****

Basaars en ander pret

- **Gemeente Kampersrus** hou die naweek van **26 en 27 Junie** ’n ***Country & Western basaar***. Alle vakansiegangers in die omgewing van Hoedspruit word genooi om dit by te woon. Op Vrydag (26 Junie) vind ’n eg Amerikaanse *barn dance* plaas in die skoolsaal van Mariepskop Laerskool in Kampersrus. Saterdag (27 Junie) word in Hoedspruit voor die SPAR-winkelkompleks verder makietie gehou. Daar vind onder andere ’n skattejag plaas (kaartjies teen R10; verskeie pryse te wen) asook ’n trollieresies wat deur SPAR geborg word. Kontak oudl Wiets Marais (083 324 6652) of ds Hennie Louw (073 152 8815 / **henneloo@nhk.co.za**) vir meer inligting.

- **Gemeente Kimberley** hou op **Saterdag 27 Junie** hul **Plaaswerfbasaar** op die oop terrein in Memorialstraat (Kaapse pad), Kimberley. Vir verdere besonderhede, kontak Roelie Steinmann by 053 861 2225 of 083 756 0126, of Elsabé Hudson by 053 861 1150 of 082 215 9140.

- **Gemeente Laeveld** bied ’n **jagkompetisie** ter waarde van R85 000 aan. Die eerste prys is ’n buffel, eland, rooihartbees, blouwildebees, koedoebul, blesbok, rooibokram en vlakvark wat geskiet kan word, en verblyf vir 12 persone vir 6 nagte! Die tweede prys is ’n blesbok en verblyf vir 6 persone vir 2 nagte. Die derde prys is ’n rooibokram en verblyf vir 6 persone vir 2 nagte. Kontak ds Gerhard Viviers of sy vrou Jorina by 078 666 5553 of 015 309 9580, of by **gerhard@nhklaeveld.co.za**. Die sluitingsdatum vir die kompetisie is **Sondag 5 Julie**.

- **Gemeente Roedtan** bied ’n **jagkompetisie** aan ter waarde van R30 000. Die 1ste prys is 4 blouwildebeeste, 2 koedoes, 2 blesbokke en 1 vlakvark. Die 2de prys is ’n naweekvoëljag vir 10 persone. Akkommodasie word verskaf vir 10 persone vir 3 dae. Die koste is R50 per kaartjie, die trekkingsdatum is **Sondag 19 Julie**, en die jagdatum is vanaf 23 Julie 2009. Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, 015 667 0045 of **redinex@mweb.co.za**.

- **Gemeente Noordelike Pretoria** en die Mootsorgsentrum bied op **Dinsdag 28 Julie** die **Noordes Gholfdag** aan by die Akasia-buiteklub. Die koste is R1 200 per

4-bal of R300 per persoon (in albei gevalle is die prysuitdeling en ete ingesluit). Fondse is ten bate van barmhartigheidswerk in gemeenskapsverband. Navrae kan gerig word aan Hendrik Pieterse by 082 447 3286 of Gerdi Wolfswinkel by 082 262 1224.

- Die **to care foundation** bied op **Donderdag 30 Julie** die **to care Winter Classic gholftoernooi** by die Akasia Buiteklub aan. Inskrywings beloop R250 per speler of R1 000 per span, en sluit 'n ete en prysuitdeling in. Putjies kan geborg word teen R1 500 per putjie. Alle gholfspelende ampsdraers en lidmate in die Pretoria-omgewing word uitgenooi om deel te neem. Skakel Linda by 012 322 8885 x205 vir meer inligting.

- **Gemeente Springs-Oos** se **feesbasaar** om met hul 50-jaar viering saam te val, vind plaas op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** by die Driehoekterrein in Lodeyko, Springs. Op Woensdag 9 September bied hulle 'n formele 3-gangete met kunstenaar Gerhard Steyn aan in Springs se Burgersentrum. Kaartjies vir die geleentheid is beskikbaar teen R200 per persoon. Kontak mev Adele Roets by 011 362 2570 na ure of Katrien Prinsloo by 011 815 1376.

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Daar is meer as R20 000 se pryse te wen. Inskrywings kos R1 600 per vierbal en sluit twee gholfkarretjies, 'n geskenkpakkie, die prysuitdeling en 'n aandete in. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

ANDER NUUS

- Die Kommissie van die AKV het by sy vergadering op 4 Junie die **nuwe ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria** met betrekking tot teologiese opleiding aanvaar. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk het ook die ooreenkoms aanvaar. Die ooreenkoms word op **8 Julie om 14:00 onderteken** in die voorportaal van die Raadsaal, Administrasiegebou vlak 4.

- **Die Ondersteuningsraad Pretoria** is tans verantwoordelik vir die **Rainbow Kleutergroepprojek in Danville**, waar behoeftige voorskoolse kinders op daaglikse basis versorg en opvoedkundig gestimuleer word. Hierdie kinders se ouers kan geen fooie bekostig nie, en ongelukkig het verskeie donateurs aan die projek onttrek. Die Ondersteuningsraad vra hulp ten opsigte van die volgende:
  - Enige skoonmaakmiddels
  - Toiletpapier
  - Kartonne, waterverf, vetkryte, papier, ensovoorts
  - Speelgoed (opvoedkundig en ander)
  - Medikasie vir noodhulpkissie
  - Herstel van die yskas

  Kontak Charmaine Fourie by 012 322 8885 of **oraadpb@nhk.co.za**.

- Triple M Productions bied op **Maandag 6 Julie** van 07:30 tot 09:00 'n **ontbyt** aan by die Performer-teater in Menlopark. Dit is 'n inisiatief van die Wêreldwye Dag van Gebed. Steve Johnstone, internasionale koördineerder van *Unashamedly Ethical*, is die hoofspreker. Hoe om **onbeskaamd eties** te leef as individu, as kerk en in jou besigheid word prakties bekendgestel. Dit is die ideale geleentheid om te netwerk met ander Christene, veral in die besigheidswêreld.

KOMMENTAAR

Baie dankie vir *Die Hervormer* op die net. Ek hier in Saoedi-Arabië geniet dit om te sien wat in die Kerk gebeur. Sterkte met julle werk!

Wilma Jacobs

SMS'e ontvang

- Al die bekendes sing so lekker by ons basaars, waarom nie ons eie bekendes nie? Soos ds Thinus van Staden, Kevin Leo, Oorwinningskinders, ds Fanie Beukes, La Diva...

- Briefskrywers in *Die Hervormer* van Julie 09, lees tog weer ds Etienne Fourie se artikel op bl 3 van Mei se uitgawe.

Stuur 'n kort SMS aan 071 229 8903.

AGTERBLAD



Laat ons saampraat

Die Julie-uitgawe van *Die Hervormer* het pas verskyn, met 'n nuwe baadjie aan. Die buiteblad stem nou ooreen met die voorkoms van ander publikasies van die Kerk, naamlik die *e-Hervormer* en die webblaaie van die Kerk, *Die Hervormer* en *Konteks.*

Soos die Julie-uitgawe van *Konteks,* fokus *Die Hervormer* ook gedurende Julie op Johannes Calvyn in die lig van die herdenking van sy geboortedag 500 jaar gelede. Dr Hennie Botes skryf oor Calvyn se gemoedslewe, en verwerp die gedagte dat Calvyn harteloos en koud was. Ds Rudi Schoeman kyk na die vriendskap tussen Calvyn en Heinrich Bullinger, en ds Lewis Strauss berig oor die Tiende Internasionale Calvynnavorsingskongres wat van 22 tot 27 Augustus 2010 op die kampus van die Universiteit van die Vrystaat gaan plaasvind.

In die Gespreksforum is 'n versoek van die kerkraad van Schweizer-Reneke vir meer ruimte vir debatvoering in *Die Hervormer.* Die redakteur, dr Gerhard Lindeque, beklemtoon in sy redaksionele berig dat *Die Hervormer* graag 'n gebalanseerde weergawe van standpunte in die Kerk wil daarstel. Ons wil veral aan lidmate wat nie toegang tot die internet het nie, die geleentheid bied om van hulle te laat hoor. Lesers is dus welkom om briewe, artikels en nuus aan te stuur. Daar is reeds 'n toename in lesers se betrokkenheid te bespeur. Die inhoud van *Die Hervormer* behoort egter hoofsaaklik beriggewend en relevant te wees. Lang en ingewikkelde artikels sal nie altyd gepubliseer kan word nie, en bydraes wat persoonlik gemik is, sal nie oorweeg word nie.

Om betrokkenheid verder te stimuleer, word lesers uitgenooi om per SMS kommentaar te lewer oor die inhoud van *Die Hervormer* of om 'n standpunt te stel. Die nommer waarheen 'n SMS teen die normale tarief gestuur kan word, is **071 229 8903**. Dit sal dan geredigeer word en, indien goedgekeur, op *Die Hervormer* se webblad (**www.hervormer.co.za/kommentaar**) asook in 'n volgende uitgawe van *Die Hervormer* in 'n aparte kolom geplaas word. Neem gerus ook deel aan ons maandelikse leserskompetisie.

LESERSKOMPETISIE

Wen 'n R100-geskenkbewys van CUM.
SMS die antwoord na 071 229 8903.

Vraag: *Wanneer is die Kerkhervormer Johannes Calvyn gebore?*

Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse